Tuinbou

"Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas."
- Genesis. 2:15

Doelwit: *Om die kennis en vaardigheid van tuinbou aan die Verkenner te leer.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: In die kultuuropdrag gee God die mens opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. Deur die voltooiing van die spesialisasie kry die Verkenner die geleentheid om eerstehandse kennis op te doen oor die wonder van die skepping. Sodoende sal die Verkenner beter vaardighede en kennis hê om as goeie landsburger 'n bydrae te lewer tot die instandhouding van die natuur vir ons nageslag.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Projek gebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Die Verkenner moet 'n kwekery besoek en **twee** van die afdelings doen. • Die Verkenner kan tydens 'n kommandogeleentheid 'n uitstalling hou van die produkte wat hy/sy gekweek het en/of die werkstukke.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Besoek aflê by 'n kwekery.*
2. ***Twee** van die vier afdelings kies en voltooi:*

AFDELING A: Inheemse blomtuin

Die verkenner moet:

1. ***Vyf** inheemse plante (bolplante, struike of bome) eie aan die omgewing plant en versorg.*
2. *'n Werkstuk doen oor dié **vyf** plante waarin die volgende inligting vervat word:*
   - 2.1 *Grondvereistes.*
   - 2.2 *Waterbehoeftes.*
   - 2.3 *Bemesting.*
   - 2.4 *Plaag- en onkruidbeheer.*
   - 2.5 *Geskikte plantseisoene.*
   - 2.6 *Voortplanting en verspreiding.*
   - 2.7 *Die natuurlike omgewing waar die plante voorkom .*
   - 2.8 *Die Botaniese name en sub-spesies van genoemde plante.*
   - 2.9 *Voorbeelde van bogenoemde plante in die werkstuk plaas – (foto's, sketse of geparste plante).*

AFDELING B: Groentetuin

Die verkenner moet:

1. *Ten minste **twee** bogrondse en **twee** ondergrondse groentes kweek.*
2. *'n Werkstuk doen oor hierdie **vier** groente waarin die volgende inligting vervat word:*
   - 2.1 *Grondvereistes.*

2.2 *Waterbehoeftes.*
2.3 *Bemesting.*
2.4 *Plaag- en onkruidbeheer.*
2.5 *Geskikte plantseisoene.*

3. *Foto's neem van bogenoemde plante in verskillende stadia van groei en dit in die werkstuk plaas.*

4. *Groente wat gekweek is voorberei in 'n dis.*

AFDELING C: Houertuin

Die Verkenner moet:

1. ***Vier** inheemse meerjarige en **vier** inheemse eenjarige plante in houers kweek.*

2. *'n Werkstuk doen oor hierdie **agt** plante waarin die volgende inligting vervat word:*
   2.1 *Grondvereiste.*
   2.2 *Lig- en kunsmatige ligbehoefte.*
   2.3 *Lug- en ventilasiebehoefte.*
   2.4 *Temperatuur- en vogbehoeftes.*
   2.5 *Bemesting.*
   2.6 *Plaag- en swambeheer.*
   2.7 *Voedingsvereistes.*
   2.8 *Botaniese naam en subspesie.*
   2.9 *Algemene versorging van bogenoemde plante.*

3. *Foto's neem van bogenoemde plante wat suksesvol gekweek is en dit in die werkstuk plaas.*

AFDELING D: Bonsai

Die Verkenner moet:

1. *'n Geskikte inheemse boom of struik kies om as bonsai te kweek.*

2. *'n Werkstuk doen oor die bonsai waarin die volgende inligting vervat word:*
   2.1 *Keuse van 'n geskikte houer.*
   2.2 *Die kweekmedium (grond).*
   2.3 *Bemesting.*
   2.4 *Klimaat.*
   2.5 *Oplei en bedrading.*
   2.6 *Snoei.*
   2.7 *Hoe om die ouderdom van die bonsai te bepaal.*
   2.8 *Vogbehoeftes.*
   2.9 *Algemene versorging.*

3. *Foto's neem van die bonsai wat suksesvol gekweek is en dit in die werkstuk plaas.*